LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

OORGEE OMGEE AANGEE

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

19 Februarie 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Petrie de Villiers

7DE WEEK NA EPIFANIE

Fokusteks uit Leesrooster: **1 Kor 3:10-23**

RCL tekste: Lev 19:1-18; Mat 5:38-48
Ps 119:33-40

Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)
Louise Botha & Span

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:

ADMIN AAND
Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Petrie vir diens

- Ons bid vir reën en dat ons land die Here se aangesig gedurig sal soek, nie net in tye van nood nie.
- Vir spoedige herstel en beterskap
  - Alfred Champion
  - Mathilda Stemmet
  - Burrie van Zijl
- Vir kankerbehandeling:
  - Winnie de Waal
  - Paul Louw
  - Retha van der Westhuizen

FOKUSTEKS: **1 Kor 3:10-23**

As gelowige is ek die gebou van God en my fondament is Jesus Christus. Die Heilige Gees woon in my. Daarom sal ek nie die wysheid van die wêreld aanhang nie, maar deur die krag van die Gees slegs die eer van God soek. As gelowige, weet ek verseker dat ek in God se hande is en daarom weet ek waarheen ek op pad is.
In die verband, het iemand gesê:
"Ek kom, ek weet nie waarvandaan nie; ek gaan, ek weet nie waarheen nie, darem snaaks dat ek so rustig is.."
Toe Martin Luther dit lees, was sy reaksie:
"Ek kom, ek weet waarvandaan; ek gaan, ek weet waarheen, darem snaaks dat ek so onrustig is." Ten spyte van die spanning tussen die goeie en die sonde in my lewe, weet ek dat ek vir ewig by God lewe.
- Ds. Willem Botes -

GEBEDSTEMA: FEB 2017

Week 4 – (19 Feb – 25 Feb):
Aanbidding & Gemeentebestuur (Ef 4:12-13)

Hierdie mense, mense met die spesiale gawes wat hulle gekry het, werk saam om die gemeente te help en voor te berei om hulle werk as Christene in die wêreld goed te kan doen. Op die manier sal die liggaam van Christus sterk word en kan wees wat dit behoort te wees. So sal ons al hoe nader aan mekaar beweeg en al hoer meer 'n eenheid vorm. Saam sal ons die Seun van God beter leer ken en meer op Hom vertrou. Dan sal ons soos geestelike grootmense word, so volwasse in ons geestelike lewe soos Christus self.

Gebedsversoek:
Bid dat die Here ons gemeente se finansies sal seën en dat ons gemeente genoeg sal hê om elke goeie werk wat die Here ons voor stuur te kan uitvoer.
Bid dat die Here elke pesoon in die gemeente sal wys hoe om sy of haar lewe te gebruik tot maksimum doeltreffendheid vir God.
Bid dat ons gemeente sal groei en dat ons aksies mense in ons gemeenskap na die Here sal trek.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens 'n heerlike koppie tee/ koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!

Nog by Kerkkantoor te koop t.b.v. Voedselfeesfonds: Lappieboontjies vir heerlike sop, sousbone en nog meer (500g @ R20)
EN Hoendermis @ R25 per kg: konsentreerd

HEERLIKE ROSYNTJIES @ R20 (500g) t.b.v. Mosambiek Geletterdheid.

Kyk hoe mooi afgerond lyk ons Gedenktuin se ingang nou en dis te danke aan Neil de Villiers (Wessel se swaer) se uitstekende handewerk. Neil het dit vir ons gratis gemaak en die Perspex-letters geskenk.

Lourensrivier Gemeente waardeer opreg hierdie mooi gesindheid.

Baie dankie ook aan Wessel wat dit vir ons so mooi aangebring het.

Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes.

Vir meer inligting of navrae, kontak Annalie @ 021 853 5991

WEGNEEMETES: Vrydag 3 Maart (t.b.v. ons Voedselfees)

Daar is smullekker Kerrie & Rys @ R30,
'n Jumbo-Hamburger met 'n bief-patti van Flameros @ R30 asook Pannekoek @ R5 (Jou dienswerker sal jou besoek met die ete-opnames).
Satelietwyk lidmate kan kaartjies koop by die kerkkantoor
Kontak: 021 853 5991

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045

STRAND DIENSSENTRUM: NASIONALE MELKTERTDAG
WOENSDAG: 1 MAART 2017
Een groot porsie melktert plus Tee/Koffie @ R20-00 Vanaf 10:00
Bespreek asseblief by Ontvangs. Tel. 021 854 4552

MOSAMBIEK GELETTERDHEID: "SODAT HULLE DIE BYBEL KAN LEES"
Volgende Sondag (26 Februarie) woon Niehan en Carmen die erediens by en sal by geleentheid terugvoer gee oor hulle werk in Milange en ook wat die toekoms vir hulle inhou.
Moenie dit misloop nie!!

ACVV HUIS JAN SWART:
Potjiekoskompetisie op 25/2/2017 vanaf 12:00 tot 17:00 teen R50-00 per porsie (rys, potjieporsie en sny tuisgebakte brood ingesluit).
Die volgende tipes potte is beskikbaar:
Hawaiian (soetsuur vark); Seekos; Skaappot;
Waterblommetjie (x 2 potte); Skaapskenkel (x 2 potte);
Bief Bourguignon; Skaapkerriepot; Kerriehoender; Skenkel groentepot; Lamspot; Lamsnekpot; Bees en groenboontjiepot; Pastapot.

Bestellings kan NOU geplaas word by Anderesa of Henriette: 021 854-3763.
Baie dankie julle, mooi dag.

H van der Merwe
(Hoof: ACVV Huis Jan Swart)

GELUKWENSING:

Wessel & Jeanette Geldenhuys het die trotse Oupa en Ouma geword van 'n kleindogter. Babatjie Margaux is gebore op 28 Januarie 2017. Baie seën ook vir die ouers.

PRINTING SPONSORED BY
PAM GOLDING PROPERTIES

Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za

PAM GOLDING
PROPERTIES